BE IT ENACTED by the State President and the parliament of the Republic of South Africa, as follows:

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

"council" means the Council for Private Hospitals established by section 2;

"Minister" die Minister van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling;

"privaathospitaal" enige inrigting wat ingevolge 'n wet as 'n privaathospitaal geregistreer is of geregistreer moet word; en

"raad" die Raad vir Privaathospitale by artikel 2 ingestel.

Instelling van Raad vir Privaathospitale

2. (1) Daar word hierby 'n raad met die naam die Raad vir Privaathospitale ingestel.

(2) Die raad verrig die werksaamhede en voer die pligte uit wat kragtens hierdie Wet of enige ander wet aan hom opgedra word.

Samestelling van die raad

3. (1) Die raad bestaan uit die lede, maar hoogstens 15, wat die Minister bepaal en aanstel.

(2) Die volgende persone moet deur die Minister aangestel word:

(a) 'n Beampte van die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling.

(b) 'n Beampte van elkeen van die Departemente Gesondheidsdienste en Welsyn van die Administrasies van die Raad van Afgevaardigdes, die Raad van Verteenwoordigers en die Volksraad wat deur die Minister van Gesondheidsdienste en Welsyn van die betrokke Ministersraad aangewys word.

(c) Iemand wat deur die Verbruikersraad benoem word.

(d) Iemand wat deur die Mediese Vereeniging van Suid-Afrika benoem word.

(e) Iemand wat deur die Verteenwoordigende Vereniging van Mediese Skemas benoem word.

(f) Iemand wat deur die Verteenwoordigende Vereniging van Privaathospitale benoem word.

(g) Iemand wat deur die Suid-Afrikaanse Verpleegstersvereniging benoem word.

(h) Iemand wat deur die Aptekersvereniging van Suid-Afrika benoem word.

(i) Iemand met 'n besondere kennis van of ondervinding in die regte.

(3) Die Minister wys een van die lede van die raad as voorsitter van die raad aan en die lede verkies een van sy lede as ondervoorsitter.

(4) Indien 'n Minister van Gesondheidsdienste en Welsyn vermeld in subartikel (2) (b) versuim om 'n beampte aan te wys of 'n vereniging of raad vermeld in subartikel (2) (c) tot (h) versuim om 'n persoon te benoem, stel die Minister in elke sodanige geval 'n lid van die raad aan uit persone wat na sy oordeel oor besondere kennis beskik van aangeleenthede rakende privaathospitale.

Ampstermyn, ontruiming en vul van vakatures

4. (1) 'n Lid van die raad word aangestel vir die tydperk, maar hoogstens vyf jaar, wat die Minister ten tyde van die aanstelling bepaal.

(2) 'n Lid van die raad ontruim sy amp indien hy bedank of indien die Minister om redes wat na sy mening gegrond is, die lid se ampstermyn beëindig.

(3) Iemand wat opgehou het om 'n lid van die raad te wees, kan weer aangestel word.

(4) Elke vakature wat in die raad ontstaan, word gevul by wyse van aanstelling deur die Minister van iemand in daardie vakature met, in die geval van 'n lid aangestel ooreenkomstig artikel 3 (2) (b) tot (i) en in die geval van 'n versuim bedoel in artikel 3 (4), nakoming *mutatis mutandis* van die betrokke bepalings.

"Director-General" means the Director-General: National Health and Population Development;

"Minister" means the Minister of National Health and Population Development; and

"private hospital" means any institution registered or to be registered under any law as a private hospital.

Establishment of Council for Private Hospitals

2. (1) There is hereby established a council to be known as the Council for Private Hospitals.

(2) The council shall perform the functions and fulfil the duties assigned to it in terms of this Act or any other law.

Constitution of the Council

3. (1) The council shall consist of the members, but not exceeding 15, as determined and appointed by the Minister.

(2) The following persons shall be appointed by the Minister:

(a) An officer of the Department of National Health and Population Development.

(b) An officer of each of the Departments of Health Services and Welfare of the Administrations of the House of Delegates, the House of Representatives and the House of Assembly designated by the Minister of Health Services and Welfare of the Minister's Council concerned.

(c) A person nominated by the Consumer Council.

(d) A person nominated by the Medical Association of South Africa.

(e) A person nominated by the Representative Association of Medical Schemes.

(f) A person nominated by the Representative Association of Private Hospitals.

(g) A person nominated by the South African Nursing Association.

(h) A person nominated by the Pharmaceutical Society of South Africa.

(i) A person with a special knowledge of or experience in law.

(3) The Minister shall designate one or the members of the council to be the chairman of the council and the members shall elect one of its members to be the vice-chairman.

(4) If a Minister of Health Services and Welfare referred to in subsection (2) (b) fails to designate an officer or an association or council referred to in subsection (2) (c) to (h) fails to nominate a person, the Minister shall in each such case appoint a member from among persons who, in his opinion, have special knowledge of matters pertaining to private hospitals.

Term of office, vacation of office and filling of vacancies

4. (1) A member of the council shall be appointed for such period, not exceeding five years, as the Minister may determine at the time of the appointment.

(2) A member of the council shall vacate his office if he resigns or if the Minister for reasons which, in the opinion of the Minister, are sound terminates his term of office.

(3) Any person who has ceased to be a member of the council may be reappointed.

(4) Every vacancy on the council shall be filled by means of the appointment by the Minister of a person to that vacancy with, in the case of a member appointed in terms of section 3 (2) (b) to (i) and in the case of failure referred to in section 3 (4), observance *mutatis mutandis* of the provisions concerned.

Vergaderings van die raad

5. (1) Die eerste vergadering van die raad word gehou op die tyd en plek wat die Minister bepaal en daarna so dikwels as wat nodig is op die tye en plekke wat die voorsitter bepaal.

(2) Die raad kan, met die instemming van die Minister, voorskrifte uitreik aangaande—

(a) die kworum vir en die prosedure tydens vergaderings van die raad en die komitees daarvan; en

(b) enige ander aangeleentheid wat na die oordeel van die raad nodig is vir die behoorlike verrigting van sy werksaamhede en uitvoering van sy pligte.

Komitees

6. (1) Die raad kan, met die toestemming van die Minister, uit eie geledere komitees instel.

(2) So 'n komitee bestaan uit die getal lede wat die raad bepaal.

(3) Die raad wys een van die lede van 'n komitee as voorsitter daarvan aan.

(4) So 'n komitee kan met die toestemming van die raad enige persoon of persone, met die goedkeuring van die Minister, koöpteer om in die Komitee te dien vir 'n tydperk deur die komitee bepaal, of om 'n bepaalde vergadering van die komitee by te woon: Met dien verstande dat die getal persone aldus gekoöpteer nie die getal lede van die raad wat in die komitee dien, oorskry nie.

(5) (a) Die raad kan, behoudens voorskrifte wat hy van tyd tot tyd uitreik—

(i) 'n bevoegdheid by of kragtens artikel 8 aan hom verleen, aan so 'n komitee delegeer; en

(ii) magtiging verleen dat 'n plig wat by of ingevolge artikel 8 hom opgelê word, deur so 'n komitee uitgevoer word.

(b) Die raad is nie ontdoen van 'n bevoegdheid wat aldus gedelegeer is en 'n plig wat aldus gemagtig is nie, en kan enige besluit van 'n komitee wysig of ter syde stel.

Besoldiging van lede van raad en komitees en gekoöpteerde lede van komitees

7. Aan lede van die raad of 'n komitee daarvan of gekoöpteerde lede van 'n komitee wat nie in diens van die Staat is nie, word uit gelde deur die Parlement vir dié doel bewillig, besoldiging en toelaes betaal wat die Minister met die instemming van die Minister van Finansies bepaal.

Werksaamhede en pligte van raad

8. (1) Die raad moet—

(a) die Regering van advies dien—

(i) oor beleidsvraagstukke wat voortspruit uit die bepalings van wette wat met privaathospitale in verband staan;

(ii) oor navorsing in verband met die lewering van privaathospitaaldienste;

(iii) oor die bevordering van 'n koste-effektiewe diens deur privaathospitale;

(iv) oor maatreëls wat getref moet word om die gehalte van dienslewering en die toepassing van standaarde in privaathospitale te verseker;

(b) enige vertoë, aanbeveling of klagte oor of in verband met 'n privaathospitaal of privaathospitale oor die algemeen wat aan die raad voorgelê word, ondersoek en oorweeg en die Departementshoof van die Departement wat vir die registrasie van die betrokke privaathospitaal verantwoordelik is en die vertoëmaker of klaer oor sodanige vertoë, aanbeveling of klagte, adviseer.

Meetings of the council

5. (1) The first meeting of the council shall be held at such time and place as the Minister may determine and thereafter as often as is necessary at such times and places as the chairman may determine.

(2) The council may, with the concurrence of the Minister, issue directives with regard to—

(a) the quorum for and procudure at meetings of the council and the committees thereof; and

(b) any other matter which in the opinion of the council is necessary for the proper performance of its functions and fulfilment of its duties.

Committees

6. (1) The council may, with the consent of the Minister, appoint committees from amoung it's members.

(2) Any such committee shall consist of such number of members as the council may determine.

(3) The council shall designate one of the members of a committee to be the chairman thereof.

(4) Any such committee may with the consent of the council co-opt any person or persons, with the approval of the Minister, to serve on the committee for a period determined by the committee, or to attend a particular meeting of the committee: Provided that the number of persons so co-opted shall not exceed the number of members of the council who serve on such committee.

(5) (a) The council may, subject to the directives issued by it from time to time—

(i) delegate any power conferred upon it by or in terms of section 8 to such committee; and

(ii) grant authority for a duty assigned to it by or under section 8 to be fulfilled by such committee.

(b) The council shall not be divested of any power so delegated or any duty so assigned, and may amend or set aside any decision of a committee.

Remuneration of members of the council and committees and co-opted members of committees

7. Members of the council or a committee thereof or co-opted members of a committee who are not in the employment of the State shall be paid, from moneys appropriated by Parliament for that purpose, such remuneration and allowances as the Minister may with the concurrence of the Minister of Finance determine.

Functions and duties of council

8. (1) The Council shall—

(a) advise the Government—

(i) on questions of policy arising from the provisions of laws relating to private hospitals;

(ii) on research in connection with the rendering of private hospital services;

(iii) on the promotion of a cost-effective service by private hospitals;

(iv) on measures to be taken to ensure the quality of the rendering of services and the application of standards;

(b) examine and consider any representations, recommendations or complaints submitted to the council on or in connection with a private hospital or private hospitals in general and advise the Head of the Department who is responsible for the registration of the private hospital concerned and the person who made the representation or the complainant on such representations, recommendations or complaints.

(2) Die raad kan in die uitvoering van sy plig of die uitoefening van sy werksaamhede—

(a) by skriftelike kennisgewing of andersins enige persoon oproep wat na sy mening in staat mag wees om inligting te verstrek wat hom waarskynlik sal help om sodanige plig uit te voer, of wat na sy vermoede of mening enige boek, dokument of ding in sy besit of bewaring of onder sy beheer het wat by insae hom waarskynlik in die uitvoering van sodanige plig sal help, om voor hom te verskyn op 'n bepaalde tyd en plek om ondervra te word of om daardie boek, dokument of ding oor te lê;

(b) 'n eed of plegtige verklaring afneem van enige persoon wat ingevolge 'n oproep of andersins verskyn en hom ondervra en enige boek, dokument of ding wat oorgelê word, ondersoek of agterhou;

(c) enige persoon wat ondervra is, 'n verklaring van die waarheid van die verklaring deur hom afgelê, laat onderteken; en

(d) 'n afskrif maak van enige dokument wat deur hom ingesien of aan hom getoon is.

(3) Iedere persoon—

(a) wat kragtens subartikel 2 (a) opgeroep is en wie se redelike onkoste aan hom betaal of aangebied is, verskyn op die bepaalde tyd en plek en bly aanwesig totdat die voorsitter van die raad hom vrystel van verdere aanwesigheid;

(b) lê die eed of plegtige verklaring af wat kragtens subartikel (2) (b) deur die voorsitter van die raad van hom afgeneem word;

(c) beantwoord volledig en bevredigend na die beste van sy vermoë alle vrae wat wettiglik deur die voorsitter van die raad aan hom gestel word, en as hy daartoe gelas word, oorlê hy enige boek, dokument of ding in sy besit of onder sy beheer: Met dien verstande dat die regsreëls betreffende privilegie soos van toepassing op 'n getuie wat gedagvaar is om voor enige geregshof getuienis af te lê of enige boek, dokument of ding oor te lê, van toepassing is op die ondervraging van so 'n persoon deur, of die oorlegging van so 'n boek, dokument of ding aan die voorsitter van die raad; en

(d) as hy daartoe gelas word, onderteken 'n verklaring van die waarheid van 'n verklaring wat hy afgelê het.

(4) Iedereen wat 'n bepaling van subartikel (3) oortree of versuim om daaraan te voldoen, is skuldig aan 'n misdryf en by skuldigbevinding strafbaar met 'n boete van hoogstens R400.

(5) Die raad moet op die tye wat die Minister bepaal aan die Regering 'n verslag oor die verrigting van die raad se werksaamhede voorlê.

Fondse

9. Die raad delg uitgawe aangegaan in die verrigting van sy werksaamhede en die uitvoering van sy pligte uit geld deur die Parlement vir dié doel bewillig.

Persone in diens van die raad

10. Die Direkteur-generaal wys, behoudens die bepalings van die Staatsdienswet, 1984 (Wet 111 van 1984), soveel beamptes van die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling met inbegrip van 'n sekretaris aan as wat nodig is om die raad en enige komitee daarvan met die verrigting van sy werksaamhede en die uitvoering van sy pligte by te staan en daardie beamptes staan die raad of 'n komitee daarvan by onderworpe aan die voorskrifte van die Direkteur-generaal.

(2) The council may in the fulfilment of its duties or in the performance of its functions—

(a) by written notice or otherwise summon any person who in its opinion may be able to furnish information which will probably enable it to fulfil such duty, or who in its surmise or opinion has in his possession or custody or under his control any book, document or thing which through perusal will probably assist it in the fulfilment of such duty, to appear before it at a fixed date and place to be interrogated or to produce such book, document or thing;

(b) administer the oath to or cause to make affirmation any person who appears in pursuance of a summons or otherwise and interrogate him and examine or retain any book, document or thing which is produced;

(c) cause any person who has been interrogated to sign a declaration of the truth of the declaration made by him; and

(d) make a copy of any document which has been perused by it or has been shown to it.

(3) Every person—

(a) who has been summoned under subsection (2) (a) and whose reasonable expenses have been paid or offered to him, shall appear on the date and place fixed and shall remain present until the chairman shall have excused him from further attendance;

(b) shall make a declaration under oath which shall be administered by the chairman of the council under subsection (2) (b), or by affirmation;

(c) shall reply in full and satisfactorily to the best of his ability to all questions which shall be lawfully put to him by the chairman of the council and if ordered thereto shall produce any book, document or thing in his possession or under his control: Provided that the legal rules regarding privilege as applicable to a witness who has been subpoenaed to give evidence in any court of law or to produce any book, document or thing shall be applicable to the interrogation of any person by, or the production of such book, document or thing to the chairman of the council; and

(d) if instructed thereto, shall sign a declaration of the truth of a declaration made by him.

(4) Every person who contravenes a provision of subsection (3) or fails to comply therewith shall be guilty of an offence and on conviction liable to a fine not exceeding R400.

(5) The council shall at such times as the Minister may determined submit a report to the Government on the performance of its functions.

Funds

9. The council shall defray any expenditure incurred in the performance of its functions and fulfilment of its duties out of money appropriated by Parliament for that purpose.

Persons in service of council

10. The Director-General shall, subject to the provisions of the Public Service Act, 1984 (Act 111 of 1984), designate as many officers of the Department of National Health and Population Development including a secretary as may be necessary to assist the council and any committee thereof in the performance of its functions and fulfilment of its duties and such officers shall assist the council or such committee subject to the directions of the Director-General.

Delegering van bevoegdhede

11. (1) Die Minister kan die bevoegdheid aan hom verleen by artikel 6 (4) aan die Direkteur-generaal of aan enige ander beampte in die Departement van Nasionale Gesondheid en Bevolkingsontwikkeling delegeer.

(2) die Direkteur-generaal kan met die instemming van die Minister die bevoegdheid aan hom verleen by artikel 10 aan 'n beampte in die Departement genoem in subartikel (1) delegeer.

Kort titel en inwerkingtreding

12. Hierdie Wet heet die Wet op die Raad vir Privaathospitale, 1988, en tree in werking op 'n datum wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

Delegation of powers

11. (1) The Minister may delegate the power conferred upon him by section 6 (4) to the Director-General or to any other officer in the Department of National Health and Population Development.

(2) The Director-General may with the concurrence of the Minister delegate the power conferred upon him by section 10 to any officer in the Department referred to in subsection (1).

Short title and commencement

12. This Act shall be called the Council for Private Hospitals Act, 1988 and shall come into operation on a date fixed by the State President by proclamation in the *Gazette*.

KENNISGEWING 454 VAN 1988

DEPARTEMENT VAN MANNEKRAG

WET OP ARBEIDSVERHOUDINGE, 1956

Hierby word ingevolge artikel 17 (8) van die Wet op Arbeidsverhoudinge, 1956, vir algemene inligting bekendgemaak dat die President van die Nywerheidshof, behoorlik daartoe gemagtig deur die Minister van Mannekrag, mnr. Dion André Basson en mev. Annali Christelle Basson as bykomende lede van die Nywerheidshof aangestel het met die doel om sodanige funksies van die Hof uit te oefen as wat die President van tyd tot tyd gelas.

(8 Julie 1988)

NOTICE 454 OF 1988

DEPARTMENT OF MANPOWER

LABOUR RELATIONS ACT, 1956

It is hereby, in terms of section 19 (8) of the Labour Relations Act, 1956, notified for general information that the President of the Industrial Court, duly authorised thereto by the Minister of Manpower, has appointed Mr Dion André Basson and Mrs Annali Christelle Basson to the Industrial Court as additional members for the purpose of performing such functions of the Court as the President may from time to time direct.

(8 July 1988)

KENNISGEWING 455 VAN 1988

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN WATERVOORSIENING

KENNISGEWING VAN VERGADERING VAN SKULDEISERS KRAGTENS ARTIKEL 22 (1) VAN DIE WET OP LANDBOUKREDIET, 1966

Hierby word 'n vergadering van ondergenoemde applikant en sy skuldeisers op die plek en datum hieronder genoem, belê, met die doel om skuldeisers in staat te stel om hul vorderings teen die applikant te bewys en 'n skikkingsvoorstel van die Landboukredietraad te oorweeg.

J. H. RADEMEYER,

Direkteur: Direktoraat Finansiële Bystand, Departement van Landbou en Watervoorsiening.

NOTICE 455 OF 1988

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND WATER SUPPLY

NOTICE OF MEETING OF CREDITORS IN TERMS OF SECTION 22 (1) OF THE AGRICULTURAL CREDIT ACT, 1966

Meeting of the undermentioned applicant and his creditors is hereby convened at the place and date mentioned hereunder for the purpose of enabling creditors to prove their claims against the applicant and of considering a proposal for compromise by the Agricultural Credit Board.

J. H. RADEMEYER,

Director: Directorate Financial Assistance, Department of Agriculture and Water Supply.

Aansoek van/Application by	Plek van byeenkoms/Place of meeting	Datum en tyd/Date and time
Christiaan Erasmus Prinsloo, Posbus/P.O. Box 215, Marble Hall, 0450	Landdroskantoor/ Magistrate's Office, Groblersdal	5 September 1988 om/at 09h00.

(8 Julie 1988)/(8 July 1988)

KENNISGEWING 456 VAN 1988

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD

DEPARTEMENT VAN LANDBOU EN WATERVOORSIENING

KENNISGEWING VAN VERGADERING VAN SKULDEISERS KRAGTENS ARTIKEL 22 (1) VAN DIE WET OP LANDBOUKREDIET, 1966

Hierby word 'n vergadering van ondergenoemde applikant en sy skuldeisers op die plek en datum hieronder genoem, belê, met die doel om skuldeisers in staat te stel om hul vorderings teen die applikant te bewys en 'n skikkingsvoorstel van die Landboukredietraad te oorweeg.

J. H. RADEMEYER,

Direkteur: Direktoraat Finansiële Bystand, Departement van Landbou en Watervoorsiening.

NOTICE 456 OF 1988

ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

DEPARTMENT OF AGRICULTURE AND WATER SUPPLY

NOTICE OF MEETING OF CREDITORS IN TERMS OF SECTION 22 (1) OF THE AGRICULTURAL CREDIT ACT, 1966

Meeting of the undermentioned applicant and his creditors is hereby convened at the place and date mentioned hereunder for the purpose of enabling creditors to prove their claims against the applicant and of considering a proposal for compromise by the Agricultural Credit Board.

J. H. RADEMEYER,

Director: Directorate Financial Assistance Department of Agriculture and Water Supply.

Aansoek van/Application by	Plek van byeenkoms/Place of meeting	Datum en tyd/Date and time
Hendrik Johannes Nieuwenhuizen, Klein Vaalbank, Pk./P.O. De Brug, 9928	Landdroskantoor/Magistrate's Office, Petrusburg	18 Augustus/August 1988 om/at 09h00.

(8 Julie 1988)/(8 July 1988)

KENNISGEWING 457 VAN 1988

RAAD OP MEDEDINGING

WET OP DIE HANDHAWING EN BEVORDERING VAN MEDEDINGING, 1979

ONDERSOEK NA BEPERKENDE PRAKTYKE EN MONOPOLIESITUASIES IN DIE GIPSBEDRYF

Kragtens artikel 10 (4) van die Wet op die Handhawing en Bevordering van Mededinging, 1979 (Wet 96 van 1979), maak die Raad op Mededinging hierby vir algemene inligting bekend dat hy, ingevolge die bepalings van artikel 10 (1) (a) en (d) van die Wet, ondersoek instel na enige beperkende praktyke en monopoliesituasies wat hy rede het om te vermoed bestaan of mag ontstaan in die gipsbedryf. Enigiemand kan binne 'n tydperk van dertig (30) dae vanaf die datum van die publikasie van hierdie kennisgewing van die skriftelike vertoë aangaande hierdie ondersoek wat so iemand nodig ag, rig aan die Direkteur: Ondersoeke, Raad op Mededinging, Privaatsak X84, Pretoria, 0001.

(Verwysing R4/1/2/1/25)

(8 Julie 1988)

KENNISGEWING 458 VAN 1988

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

(Goedkeuring van nuwe boustelsel en -produkte)

Kennisgewing geskied hiermee dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat, waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van April 1988 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 85/133 (Hernuwing) (geldig tot November 1988)

Naam van produk: Wadekor Industrialised Brick Veneer System.

Sertifikaatnommer: 85/133 (Hernuwing).

Vervaardig deur: Ribco (Edms.) Bpk.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat, wat met Kennisgewing 357 van 1985, gedateer 14 Junie 1985 uitgereik is, en wat tot April 1988 geldig was, word nou verleng tot November 1988.

(8 Julie 1988)

KENNISGEWING 459 VAN 1988

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennis geskied hiermee dat aansoeke om MANTAGs wat in die aangehegte Bylae vermeld word, tydens die Raadsvergadering gehou op 24 Maart 1988 deur die Agrément-raad van Suid-Afrika aanvaar is.

NOTICE 457 OF 1988

COMPETITION BOARD

MAINTENANCE AND PROMOTION OF COMPETITION ACT, 1979

INVESTIGATION INTO RESTRICTIVE PRACTICES AND MONOPOLY SITUATIONS IN THE GYPSUM INDUSTRY

In terms of section 10 (4) of the Maintenance and Promotion of Competition Act, 1979 (Act 96 of 1979), the Board hereby makes known for general information that it intends undertaking an investigation in accordance with the provisions of sections 10 (1) (a) and (d) of the Act, into any restrictive practices and monopoly situations which the Board has reason to believe exist or may come into existence in the gypsum industry. Any person may within thirty (30) days from the date of publication of this notice make such written representations as are considered necessary regarding this investigation to the Director: Investigations, Competition Board, Private Bag X84, Pretoria, 0001.

(Reference R4/1/2/1/25)

(8 July 1988)

NOTICE 458 OF 1988

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

(Approval of new building system and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from April 1988.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 85/133 (Renewal) (valid until November 1988)

Name of product: Wadekor Industrialised Brick Veneer System.

Certificate number: 85/133 (Renewal).

Manufactured by: Ribco (Pty) Ltd.

The validity of this certificate which was issued under Notice 357 of 1985 dated 14 June 1985 which was valid till April 1988, will now be extended to November 1988.

(8 July 1988)

NOTICE 459 OF 1988

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that applications for MANTAGs, as listed in the Schedule hereto, was accepted by the Agrément Board of South Africa at its meeting held on 24 March 1988.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Aansoeker: AMC Holdings (Edms.) Bpk.

Onderwerp: Amper Mahala Panel-boustelsel.

Beskrywing: Boustelsel vir die oprigting van losstaande laekoste, enkelverdiepinghuise, bestaande uit mure van gesweisde liggewigdraadrame wat saamgebind is en wat 'n behandelde sellulêre kartonkern het. Sementpleister word aangewend om aaneenlopende muuroppervlaktes te vorm.

(8 Julie 1988)

KENNISGEWING 460 VAN 1988

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

(Goedkeuring van nuwe boustelsels en -produkte)

Kennisgewing geskied hiermee dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat, waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van Junie 1988 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikate 84/113, 84/114, 84/115 (geldig tot Oktober 1988)

(1) *Naam van produk:* Ribhouse.
Sertifikaatnommer: 84/113 (Hernuwing).
Vervaardig deur: Ribco (Edms.) Bpk.

(2) *Naam van produk:* Ribframe.
Sertifikaatnommer: 84/114 (Hernuwing).
Vervaardig deur: Ribco (Edms.) Bpk.

(3) *Naam van produk:* Ribwall.
Sertifikaatnommer: 84/115 (Hernuwing).
Vervaardig deur: Ribco (Edms.) Bpk.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikate, wat met Kennisgewings 191 van 1984, gedateer 22 Maart 1984; 362 van 1984, gedateer 8 Junie 1984 en 363 van 1984, gedateer 8 Junie 1984 geldig was, word nou verleng tot Oktober 1988.

(8 Julie 1988)

KENNISGEWING 461 VAN 1988

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

(Goedkeuring van nuwe boustelsel en -produkte)

Kennisgewing geskied hiermee dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat, waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van Mei 1988 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 87/166 (geldig tot November 1988)

Naam van produk: Bettencourt-boustelsel.

Sertifikaatnommer: 87/166.

Vervaardig deur: Bettencourt Building Systems and Contractors (Edms.) Bpk.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat, wat met Kennisgewing 489 van 1987, gedateer 10 Julie 1987 uitgereik is, en wat tot Mei 1988 geldig was, word nou verleng tot November 1988.

(8 Julie 1988)

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Applicant: AMC Holdings (Pty) Ltd.

Subject: Amper Mahala Panel Building System.

Description: Building system intended for the construction of low coast detached single storey houses, consisting of walls constructed of lightweight welded wire frames connected together, with a treated cardboard cellular core, to which cement plaster is applied to form continuous wall surfaces.

(8 July 1988)

NOTICE 460 OF 1988

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

(Approval of new building system and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from June 1988.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificates 84/113, 84/114, 84/115 (valid until October 1988)

(1) *Name of product:* Ribhouse.
Certificate number: 84/113 (Renewal).
Manufactured by: Ribco (Pty) Ltd.

(2) *Name of product:* Ribframe.
Certificate number: 84/114 (Renewal).
Manufactured by: Ribco (Pty) Ltd.

(3) *Name of product:* Ribwall.
Certificate number: 84/115 (Renewal).
Manufactured by: Ribco (Pty) Ltd.

The validity of these certificates which were issued under Notices 191 of 1984, dated 22 March 1984; 362 of 1984, dated 8 June 1984 and 363 of 1984, dated 8 June 1984 which were valid till April 1988, will now be extended to October 1988.

(8 July 1988)

NOTICE 461 OF 1988

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

(Approval of new building systems and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from May 1988.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 87/166 (valid until November 1988)

Name of product: Bettencourt Building System.

Certificate number: 87/166.

Manufactured by: Bettencourt Building Systems and Contractors (Pty) Ltd.

The validity of the certificate which was issued under Notice 489 of 1987, dated 10 July 1987 which was valid till May 1988 will now be extended to November 1988.

(8 July 1988)

KENNISGEWING 462 VAN 1988

DEPARTEMENT VAN OPENBARE WERKE EN GRONDSAKE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

(Goedkeuring van nuwe boustelsel en -produkte)

Kennisgewing geskied hiermee dat die Agrément-raad van Suid-Afrika die geldigheidsduur van 'n sertifikaat, waarvan besonderhede in onderstaande Bylae verskyn, met ingang van Mei 1988 verleng.

BYLAE

AGRÉMENT-RAAD VAN SUID-AFRIKA

Sertifikaat 84/118 (Hernuwing) (geldig tot November 1988)

Naam van produk: Wadekor-Vertroubou Industrialised-boustelsel.

Sertifikaatnommer: 84/118 (Hernuwing).

Vervaardig deur: Ribco (Edms.) Bpk.

Die geldigheidsduur van hierdie sertifikaat, wat met Kennisgewing 1741 van 1984, gedateer 10 Augustus 1984, uitgereik is, en wat tot Mei 1988 geldig was, word nou verleng tot November 1988.

(8 Julie 1988)

NOTICE 462 OF 1988

DEPARTMENT OF PUBLIC WORKS AND LAND AFFAIRS

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

(Approval of new building system and products)

Notice is hereby given that the Agrément Board of South Africa has extended the validity of a certificate, details of which appear in the Schedule hereto, with effect from May 1988.

SCHEDULE

AGRÉMENT BOARD OF SOUTH AFRICA

Certificate 84/118 (Renewal) (valid until November 1988)

Name of product: Wadekor-Vertroubou Industrialised Building System.

Certificate number: 84/118 (Renewal).

Manufactured by: Ribco (Pty) Ltd.

The validity of the certificate which was issued under Notice 1741 of 1984, dated 10 August 1984 which was valid till May 1988 will now be extended to November 1988.

(8 July 1988)

KENNISGEWING 463 VAN 1988—NOTICE 463 OF 1988

P.5.01A

VOORLOPIGE OPGAWE VAN HANDELSTATISTIEK VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA VRYGESTEL DEUR DIE KOMMISSARIS VAN DOEANE EN AKSYNS
PRELIMINARY STATEMENT OF TRADE STATISTICS OF THE REPUBLIC OF SOUTH AFRICA RELEASED BY THE COMMISSIONER FOR CUSTOMS AND EXCISE

Opmerking.—Die in- en uitvoersyfers wat in hierdie opgawe verskyn is grootliks aangepas om dit in ooreenstemming te bring met die vereistes wat gestel word vir die opstel van die betalingsbalans

Remark.—The import and export figures reflected in this statement have been adjusted largely to bring them into line with the requirements for the compilation of the balance of payments

L.W. Die oorskakeling na die Geharmonieërde Tariefstelsel met ingang van 1 Januarie 1988 het die indeling van sekere kommoditeite verander. Wanneer die afdelingstotale vir 1988 dus met dié van 1987 vergelyk word, moet die moontlike verskille as gevolg van die oorskakeling nie uit die oog verloor word nie.

N.B. The change-over to the Harmonized Tariff System with effect from 1 January 1988, altered the classificationof certain commodities. When comparing the section totals for 1988 with those of 1987 the possible differences due to the change-over should therefore be taken into consideration.

TYDPERK: JANUARIE–MEI 1988—PERIOD: JANUARY–MAY 1988

	Invoere—Imports		Uitvoere—Exports	
	1988	1987	1988	1987
Totaal in Miljoene Rand—Total in Millions of Rand	14 692,6	10 968,3	17 654,8	16 871,0

TABEL B: TOTALE IN MILJOEN RAND VOLGENS AFDELINGS VAN DIE GEHARMONIEËRDE STELSEL
TABLE B: TOTALS IN MILLION RAND ACCORDING TO SECTIONS OF THE HARMONIZED SYSTEM

Afdelings—Sections	Invoere—Imports		Uitvoere—Exports	
	1988	1987	1988	1987
I. Lewende diere; dierlike produkte Live animals; animal products	115,7	78,7	84,6	173,4
II. Plantaardige produkte Vegetable products	245,5	195,4	322,3	625,1
III. Dierlike en plantaardige vette en olies en splitsprodukte daarvan; voorbereide spysvette; dierlike en plantaardige wasse Animal and vegetable fats and oils and their cleavage products; prepared edible fats; animal and vegetable waxes	122,5	88,3	34,3	26,6
IV. Voorbereide voedsel; dranke, spiritus en asyn; tabak en vervaardigde tabaksurrogate Prepared foodstuffs; beverages, spirits and vinegar; tobacco and manufactued tobacco substitutes	258,2	217,9	377,3	363,1

Afdelings—Sections	Invoere—Imports		Uitvoere—Exports	
	1988	1987	1988	1987
V. Mineraalprodukte Mineral products	157,6	123,2	1 759,8	1 429,1
VI. Produkte van die chemiese en verwante nywerhede Products of the chemical and allied industries	1 444,2	1 194,3	511,2	432,3
VII. Plastieke en artikels daarvan; rubber en artikels daarvan Plastics and articles thereof; rubber and articles thereof	661,0	447,0	75,5	81,9
VIII. Ongelooide huide en velle, leer, pelsvelle en artikels daarvan; saal- en tuiemakersware; reisartikels, handsakke en dergelike houers; artikels van derm (uitgesonderd sywurmsnaar) Raw hides and skins, leather, furskins and articles thereof; saddlery and harness; travel goods, handbags and the like; articles of gut (other than silk-worm gut)	62,5	45,7	127,7	113,1
IX. Hout en artikels van hout; houtskool; kurk en artikels van kurk; fabrikate van strooi, van esparto en van ander vlegwerkstowwe; mandjiewerk en vlegwerk Wood and articles of wood; wood charcoal; cork and articles of cork; manufactures of straw; of esparto and of other plaiting materials; basketware and wickerwork	100,3	64,1	62,7	60,3
X. Pulp van hout of van ander veselagtige sellulosiese stof; afval en oorskiet van papier of papierbord; papier en papierbord en artikels daarvan Pulp of wood or of other fibrous cellulosic material; waste and scrap of paper or paperboard; paper and paperboard and articles thereof	375,5	245,3	289,3	399,5
XI. Tekstiele en tekstielartikels Textiles and textile articles	609,8	451,1	535,5	397,6
XII. Skoeisel, hoofdeksels, sambrele, sonsambrele, wandelstokke, sitstokke, swepe, karwatse en onderdele daarvan; bereide vere en artikels daarvan gemaak; kunsblomme; artikels van mensehaar Footwear, headgear, umbrellas, sun umbrellas, walking-sticks, seat-sticks, whips, riding-crops and parts thereof; prepared feathers and articles made therewith; artificial flowers; articles of human hair; fans	47,2	43,2	4,9	6,8
XIII. Artikels van klip, gips, sement, asbes, mika of dergelike stowwe; keramiese produkte; glas en glasware Articles of stone, plaster, cement, asbestos, mica or similar materials; ceramic products; glass and glassware	144,1	111,3	48,7	51,5
XIV. Natuurlike of gekweekte pêrels, edel- of halfedelstene, edelmetale, metale met edelmetaal bedek, en artikels daarvan; nagemaakte juweliersware, muntstukke Natural or cultured pearls, precious and semi-precious stones, precious metals, metals clad with precious metal, and articles thereof; imitation jewellery; coin	157,4	95,2	1 340,6	1 212,2
XV. Onedelmetale en artikels van onedelmetaal Base metals and articles of base metal	712,8	538,2	2 190,1	1 795,5
XVI. Masjinerie en meganiese toestelle; elektriese toerusting; onderdele daarvan; klankopnemers en -weergewers; televisie- beeld- en klankopneners en -weergewers, en onderdele en bybehoorsels van sodanige artikels Machinery and mechanical appliances; electrical equipment; parts thereof; sound recorders and reproducers, television image and sound recorders and reproducers, and parts and accessories of such articles	4 562,6	2 907,0	246,6	299,6
XVII. Voertuie, lugvaartuie, en verwante vervoertoerusting Vehicles, aircraft, vessels and associated transport equipment	2 036,8	1 272,7	139,7	158,1
XVIII. Optiese, fotografiese, kinematografiese, meet-, kontrole-, presisie-, mediese en chirurgiese instrumente en apparaat; uurwerke en horlosies; musiekinstrumente; onderdele en bybehoorsels daarvan Optical, photographic, cinematographic, measuring, checking, precision, medical or surgical instruments and apparatus; clocks and watches; musical instruments, parts and accessories thereof	591,3	515,6	26,8	27,9
XX. Diverse vervaardigde artikels Miscellaneous manufactured articles	134,0	79,1	35,0	39,8
XXI. Kunswerke, versamelaarsstukke en antieke Works of art, collectors' pieces, and antiques	13,2	17,5	8,2	5,1
Ander ongeklassifiseerde goedere en betalingsbalansaansuiwerings Other unclassified goods and balance of payments adjustments	2 140,4	2 237,5	9 434,3	9 262,5
Groottotaal—Grand total	14 692,6	10 968,3	17 654,8	16 871,0

KENNISGEWING 464 VAN 1988

DEPARTEMENT VAN ONTWIKKELINGS-BEPLANNING

WETSONTWERP OP DIE UITBREIDING VAN POLITIEKE DEELNAME

Die volgende Wetsontwerp word hierby vir algemene inligting en kommentaar gepubliseer. Enige persoon, organisasie, instelling of belangegroep wat kommentaaar op die Wetsontwerp wil lewer of vertoë daaromtrent wil rig, moet dit asseblief nie later nie as 1 Augustus 1988 aan die Hoof: Staatkundige Ontwikkelingsdiens, Privaatsak X644, Pretoria, 0001, stuur.

WETSONTWERP

om voorsiening te maak vir die instelling van wetgewende en uitvoerende rade vir Swart gemeenskappe; die verkiesing van wetgewende rade en verbandhoudende aangeleenthede; die bevoegdhede, funksies en pligte van wetgewende en uitvoerende rade; en om voorsiening te maak vir bykomstige aangeleenthede.

DAAR WORD BEPAAL deur die Staatspresident en die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:

Woordomskrywings

1. In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

(i) "Grondwet" die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1983 (Wet No. 110 van 1983); (ii)

(ii) "hoofverkiesingsbeampte" die hoofverkiesingsbeampte aangestel by proklamasie uitgevaardig kragtens artikel 2; (i)

(iii) "instellingsproklamasie" die proklamasie bedoel in artikel 7; (v)

(iv) "Minister" die Minister van Staatkundige Ontwikkeling en Beplanning; (vii)

(v) "organisasie" 'n organisasie wat ingevolge regulasies uitgevaardig kragtens artikel 6 geregistreer is vir doeleindes van verkiesings ingevolge hierdie Wet; (ix)

(vi) "stemdag" die dag of dae waarop die verkiesing gehou moet word soos bepaal by proklamasie uitgevaardig kragtens artikel 2; (x)

(vii) "stemgeregtigde" 'n persoon bedoel in artikel 4; (iv)

(viii) "streek" een van die streke waarin die Republiek, uitgesonderd 'n gebied wat ingevolge artikel 26 van die Grondwet van die Nasionale State, 1971 (Wet No. 21 van 1971), tot 'n selfregerende gebied verklaar is, by proklamasie uitgevaardig kragtens artikel 2 verdeel is; (xi)

(xi) "uitvoerende raad" 'n uitvoerende raad bedoel in artikel 30; (vi)

(x) "verkiesingsproklamasie" die proklamasie bedoel in artikel 2; (iii)

(xi) "wetgewende raad" 'n wetgewende raad ingestel kragtens artikel 7. (vii)

HOOFSTUK 1

VERKIESINGS

Verkiesing van lede van wetgewende rade

2. Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal dat 'n verkiesing in 'n streek gehou moet word om lede van 'n wetgewende raad vir daardie streek te verkies.

NOTICE 464 OF 1988

DEPARTMENT OF DEVELOPMENT PLANNING

EXTENSION OF POLITICAL PARTICIPATION BILL

The following Bill is hereby published for general information and comment. Any person, organisation, institution or interest group wishing to offer comment on the Bill or to make representations thereanent, should kindly submit it to the Head: Constitutional Development Services, Private Bag X644, Pretoria, 0001, not later than 1 August 1988.

BILL

to provide for the establishment of legislative and executive councils for Black communities; the election of legislative councils and related matters; the powers, functions and duties of legislative and executive councils; and to provide for incidental matters.

BE IT ENACTED by the State President and the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:

Definitions

1. In this Act, unless the context otherwise indicates—

(i) "chief electoral officer" means the chief electoral officer appointed by proclamation issued in terms of section 2; (ii)

(ii) "Constitution" means the Republic of South Africa Constitution Act, 1983 (Act No. 110 of 1983); (i)

(iii) "election proclamation" means the proclamation referred to in section 2; (x)

(iv) "entitled voter" means a person referred to in section 4; (vii)

(v) "establishment proclamation" means the proclamation referred to in section 7; (iii)

(vi) "executive council" means an executive council referred to in section 30; (ix)

(vii) "legislative council" means a legislative council established under section 7; (xi)

(viii) "Minister" means the Minister of Constitutional Development and Planning; (iv)

(ix) "organization" means an organization registered in terms of regulations made under section 6 for the purposes of elections in terms of this Act; (v)

(x) "polling day" means the day or days upon which the election shall take place as determined by proclamation issued under section 2; (vi)

(xi) "region" means one of the regions into which the Republic, excluding any area declared to be a self-governing territory under section 26 of the National States Constitution Act, 1971 (Act No. 21 of 1971), has been divided by proclamation issued under section 2. (viii)

CHAPTER I

ELECTIONS

Election of members of legislative councils

2. Subject to the provisions of this Act, the State President may by proclamation in the *Gazette*, determine that an election shall be held in a region in order to elect the members of a legislative council for that region.

Raadpleging voor verkiesing

3. (1) Die Staatspresident vaardig nie 'n proklamasie ingevolge artikel 2 uit nie alvorens hy 'n kennisgewing ooreenkomstig subartikel (2) laat publiseer het en enige kommentaar of vertoë wat daaroor ontvang word, oorweeg het.

(2) Die kennisgewing bedoel in subartikel (1) moet—

(a) gelyktydig gepubliseer word in die *Staatskoerant* en in minstens een nuusblad of ander publikasie wat gereeld binne die betrokke streek verskyn;

(b) bepaal dat die Staatspresident van voorneme is om 'n verkiesing vir die streek, wat in die kennisgewing omskryf word, uit te skryf kragtens die bepalings van hierdie Wet, met die oog op die instelling van 'n wetgewende raad vir daardie streek; en

(c) die stemgeregtigdes van daardie streek uitnooi om vertoë of kommentaar aan die Minister te rig of voor te lê in verband met enige aangeleentheid in die kennisgewing vermeld, binne 'n tydperk in die kennisgewing bepaal, welke tydperk nie minder as drie maande mag wees na die publikasie van die kennisgewing in die *Staatskoerant* nie.

Stemgeregtigdes

4. Elke Swart persoon wat—

(a) 'n Suid-Afrikaanse burger is;

(b) 18 jaar oud of ouer is;

(c) sy gewone verblyfplek in die streek het;

(d) nie skuldig bevind is aan 'n korrupte of onwettige bedrywigheid ingevolge die regulasies beoog in artikel 6 en nie onbevoeg verklaar is om by die verkiesing van lede van 'n wetgewende raad te stem nie; en

(e) wat met betrekking tot 'n afdeling soos omskryf in artikel 1 van die Kieswet, 1979 (Wet No. 45 van 1979), nie gediskwalifiseer sou wees ingevolge subartikels (1) (a) en (2) van artikel 4 van daardie Wet nie,

is, by nakoming van en behoudens die bepalings van hierdie Wet, geregtig om te stem by die verkiesing van 'n lid van 'n wetgewende raad in die streek waarin sy gewone verblyfplek geleë is.

Verkiesingsproklamasie

5. (1) Vir die doeleindes van die verkiesing van die lede van 'n wetgewende raad kan die Staatspresident in die proklamasie bedoel in artikel 2—

(a) bepaal dat daar behoudens die bepalings van hierdie Wet op die daarin vermelde dag of dae en gedurende die daarin vermelde ure 'n verkiesing gehou moet word;

(b) die grense bepaal van die streek waarin sodanige verkiesing moet plaasvind;

(c) die aantal persone bepaal wat in 'n streek verkies moet word vir doeleindes van die instelling van 'n wetgewende raad vir daardie streek; en

(d) 'n beampte in die Staatsdiens aanstel as hoofverkiesingsbeampte wat belas is met die organisasie en beheer van die verkiesing en wat die werksaamhede verrig wat ingevolge hierdie Wet aan hom opgedra word.

(2) Die Staatspresident kan 'n proklamasie uitgevaardig kragtens subartikel (1) by 'n soortgelyke proklamasie wysig.

Verkiesingsregulasies

6. (1) Die Staatspresident kan met betrekking tot 'n verkiesing in artikel 5 beoog regulasies uitvaardig betreffende die aangeleenthede vermeld in die Bylae, en in die algemeen, enige aangeleentheid wat hy nodig of dienstig ag ten einde die verkiesing behoorlik te reël.

Consultation prior to elections

3. (1) The State President shall not issue a proclamation in terms of section 2 until he has published a notice in accordance with subsection (2) and has considered any comments or representations received thereon.

(2) The notice referred to in subsection (1) shall—

(a) be published simultaneously in the *Gazette* and in at least one newspaper or other publication which regularly appears in the region concerned;

(b) shall state that the State President intends calling an election for the region, which shall be defined in the notice, in terms of the provisions of this Act, with a view to the establishment of a legislative council for that region; and

(c) invite the entitled voters of that region to make recommendations or comments to the Minister in connection with any matter mentioned in the notice, within a period fixed in the notice, which period shall not be less than three months after the publication of the notice in the *Gazette*.

Voters

4. Every Black person who—

(a) is a South African citizen;

(b) is 18 years of age or older;

(c) has his ordinary place of residence in the region;

(d) has not been convicted of a corrupt or illegal practice in terms of the regulations contemplated in section 6 and has not been declared incompetent to vote at the election of members of a legislative council; and

(e) who with reference to a division as defined in section 1 of the Electoral Act, 1979 (Act No. 45 of 1979), would not have been disqualified in terms of subsection (1) (a) or (2) of section 4 of that Act,

shall, on compliance with and subject to the provisions of this Act, be entitled to vote at the election of a member of a legislative council in the region where he has his ordinary place of residence.

Election proclamation

5. (1) For the purposes of the election of the members of a legislative council, the State President may in the proclamation referred to in section 2—

(a) determine that, subject to the provisions of this Act, an election shall take place on the day or days mentioned therein and during the hours mentioned therein;

(b) determine the boundaries of the region within which such election will take place;

(c) determine the number of persons to be elected in a region for the purposes of the establishment of a legislative council for that region; and

(d) appoint an officer in the public service as chief electoral officer, who shall be charged with the organisation and control of the election and who shall exercise the functions assigned to him in terms of this Act.

(2) The State President may by like notice amend a proclamation issued in terms of section (2).

Election regulations

6. (1) The State President may in relation to an election contemplated in section 5, make regulations with regard to the matters referred to in the Schedule, and in general, any matter which he deems necessary or expedient to properly regulate the election.

(2) 'n Regulasie ingevolge subartikel (1) uitgevaardig, kan strawwe voorskryf ten opsigte van 'n oortreding daarvan of 'n versuim om daaraan te voldoen van hoogstens 'n boete van R10 000 of gevangenisstraf vir 'n tydperk van drie jaar.

HOOFSTUK II

WETGEWENDE RADE

Instelling van wetgewende rade

7. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet stel die Staatspresident 'n wetgewende raad vir 'n streek in by proklamasie in die *Staatskoerant* mits die aantal lede wat hy in die verkiesingsproklamasie vir bedoelde streek bepaal het, verkies is kragtens die bepalings van Hoofstuk I.

(2) 'n Wetgewende raad bepaal sy naam by die eerste vergadering van sy eerste sessie wat ingevolge die bepalings van hierdie Wet belê word.

Bevoegdhede van wetgewende rade

8. (1) Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan 'n wetgewende raad wette maak wat die belange van die Swart inwoners van die streek waarvoor daardie raad ingestel is, alleen raak, met betrekking tot die volgende aangeleenthede, naamlik—

(a) maatskaplike welsyn, maar onderworpe aan enige Wet van die Parlement met betrekking tot—

(i) norme en standaarde vir die verskaffing of finansiering van welsynsdienste;

(ii) die beheer oor die insameling van geld en ander bydraes van lede van die publiek vir welsynsdienste of liefdadigheid; en

(iii) die registrasie van maatskaplike werkers, en beheer oor hul beroep;

(b) onderwys op alle vlakke, met inbegrip van—

(i) onderrig deur middel van korrespondensie, en instellings wat sodanige onderrig verskaf;

(ii) ambagsopleiding van volwassenes by sentrums ingestel deur die Staatspresident; en

(iii) opleiding van kadette by skole en amptelike skoolsport,

maar onderworpe aan enige Wet van die Parlement met betrekking tot—

(aa) norme en standaarde vir die finansiering van lopende en kapitaalkoste van onderwys;

(bb) salarisse en diensvoorwaardes van personeel en professionele registrasie van onderwysers; en

(cc) norme en standaarde vir leerplanne en eksaminering en vir sertifisering van kwalifikasies;

(c) kuns, kultuur en ontspanning (uitgesonderd mededingende sport);

(d) gemeenskapsontwikkeling, wat die volgende omvat, naamlik—

(i) behuising;

(ii) ontwikkeling van die gemeenskap in enige gebied wat by of kragtens 'n Wet van die Parlement as 'n gebied vir die okkupasie, vestiging, ontwikkeling of gebruik van Swart persone en gemeenskappe verklaar is, met inbegrip van die stigting, ontwikkeling en vernuwing van dorpe en die beheer en beskikking (hetsy deur vervreemding of andersins) oor grond wat vir dié doel verkry of beskikbaar gestel is; en

(2) A regulation made in terms of subsection (1) may prescribe penalties for a contravention thereof or a failure to comply therewith not exceeding a fine of R10 000 or imprisonment for a period of three years.

CHAPTER II

LEGISLATIVE COUNCILS

Establishment of legislative councils

7. (1) Subject to the provisions of this Act, the State President shall by proclamation in the *Gazette* establish a legislative council for a region provided the number of members which he determined in the election proclamation for the said region has been elected in terms of the provisions of Chapter I.

(2) A legislative council shall determine its name at the first meeting of its first session called in terms of the provisions of this Act.

Powers of legislative councils

8. (1) Subject to the provisions of this Act, a legislative council may make laws which affect only the interests of the Black residents of the region for which that council has been established, in relation to the following matters, namely—

(a) social welfare, but subject to any Act of Parliament in relation to—

(i) norms and standards for the provision or financing of welfare services;

(ii) the control of the collection of money and other contributions from members of the public for welfare services or charity; and

(iii) the registration of social workers, and the control of their profession;

(b) education at all levels, including—

(i) instruction by way of correspondence, and institutions providing such instruction;

(ii) the training of adults in the trades at centres established by the State President; and

(iii) training of cadets at schools and official school sport,

but subject to any Act of Parliament in relation to—

(aa) norms and standards for the financing of running and capital costs of education;

(bb) salaries and conditions of employment of staff and professional registration of teachers; and

(cc) norms and standards for syllabuses and examination and for certification of qualifications;

(c) art, culture and recreation (excluding competitive sport);

(d) community development, comprising the following, namely—

(i) housing;

(ii) development of the community in any area declared by or under any Act of Parliament as an area for the occupation, settlement, development or use of Black persons or communities, including the establishment, development and renewal of towns and the control over and disposal of land (whether by alienation or otherwise) acquired or made available for that purpose; and

(iii) huurbeheer, en beheer oor en opruiming van plakkery, in so 'n gebied ingevolge enige Wet van die Parlement, maar onderworpe aan—

(aa) enige Wet van die Parlement met betrekking tot norme, standaarde en inkomstegroepe vir die finansiering van behuising; en

(bb) die bepalings van die Wet van die Parlement in paragraaf (ii) bedoel;

(e) plaaslike bestuur binne enige gebied wat by of kragtens 'n Wet van die Parlement as 'n plaaslike bestuursgebied vir Swart persone verklaar is, maar onderworpe aan enige Wet van die Parlement met betrekking tot aangeleenthede wat op plaaslike bestuursvlak op 'n gemeenskaplike grondslag behartig moet word, en met uitsondering van—

(i) enige aangeleentheid aan plaaslike besture opgedra by of kragtens 'n Wet van die Parlement; en

(ii) die uitoefening van leningsbevoegdheid deur 'n plaaslike bestuur anders as ooreenkomstig algemene beleid bepaal deur die Staatspresident handelende volgens voorskrif van artikel 19 (1) (b) van die Grondwet;

(f) aanstelling van huweliksbevestigers kragtens 'n Wet van die Parlement;

(g) enige ander aangeleentheid wat die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal, hetsy benewens hetsy ter aanvulling van enige bevoegdheid in paragrawe (a) tot (f).

(2) Behoudens die bepalings van hierdie Wet, kan 'n wetgewende raad in 'n wet gemaak kragtens subartikel (1) voorsiening maak vir die herroeping of wysiging van enige wet, uitgesonderd 'n Wet van die Parlement bedoel in subartikel (1), wat betrekking het op 'n aangeleentheid vermeld in daardie subartikel, vir sover sodanige wet van toepassing is binne die streek van die betrokke wetgewende raad.

Toestemming van Staatspresident tot wetsontwerpe

9. (1) 'n Wetsontwerp wat deur 'n wetgewende raad aangeneem is, word, sodra dit aangeneem is, tesame met sodanige verduidelikings as wat nodig mag wees om die omvang, uitwerking en redes vir die aanname daarvan aan te dui, onverwyld aan die Minister besorg vir voorlegging aan die Staatspresident.

(2) (a) Wanneer 'n wetsontwerp bedoel in subartikel (1) aan die Staatspresident voorgelê word, verklaar hy dat hy daarin toestem of dat hy sy toestemming weerhou, of dat hy dit terugverwys na die betrokke wetgewende raad vir verdere oorweging in die lig van sodanige verdere inligting en advies wat gegee mag word: Met dien verstande dat hy nie verklaar dat hy sy toestemming weerhou nie tensy hy oortuig is dat daar nie met daardie wetsontwerp gehandel is ooreenkomstig die bepalings van hierdie Wet nie.

(b) Die Staatspresident moet wanneer hy tot 'n wetsontwerp toestem een kopie van die wetsontwerp onderteken.

(3) 'n Opgawe wat aandui dat 'n wetsontwerp terugverwys word vir verdere oorweging, word binne 'n periode van 7 dae vanaf ontvangs van die wetsontwerp deur die uitvoerende raad van die betrokke wetgewende raad, indien die raad dan in sitting is, of as die raad dan nie in sitting is nie, binne 'n periode van sewe dae na die aanvang van sy eersvolgende sessie, ter Tafel gelê in daardie wetgewende raad, tesame met sodanige inligting en advies wat die Staatspresident mag gegee het.

(iii) rent control, and control over and clearance of squatting, in such an area in terms of any Act of Parliament,

but subject to—

(aa) any Act of Parliament in relation to norms, standards, and income groups for the financing of housing; and

(bb) the provisions of the Act of Parliament referred to in paragraph (ii);

(e) local government within any area declared by or under any Act of Parliament as a local government area for Black persons, but subject to any Act of Parliament in relation to matters to be administered on local government level, on a joint basis, and excluding—

(i) any matter assigned to local authorities by or under any Act of Parliament; and

(ii) the exercise by any local authority, otherwise than in accordance with general policy determined by the State President acting as provided in section 19 (1) (b) of the Constitution Act, of any power to raise loans;

(f) appointment of marriage officers under any Act of Parliament;

(g) any other matter determined by the State President by proclamation in the *Gazette*, whether in addition to or supplementary to any power in paragraphs (a) to (f).

(2) Subject to the provisions of this Act, a legislative council may in a law made under subsection (1) make provision for the repeal or amendment of any law, other than any Act of Parliament referred to in subsection (1), which relates to a matter referred to in that subsection, in so far as such law is applicable within the region of the legislative council concerned.

Assent of State President to bills

9. (1) A bill passed by a legislative council shall, as soon as it has been passed, together with such explanatory observations as may be necessary to indicate the scope, effect and reasons for the passing thereof, be sent to the Minister for submission to the State President.

(2) (a) On the presentation to him of a bill referred to in subsection (1), the State President shall declare that he assents thereto or that he withholds his assent, or that he refers it back to the legislative council concerned for further consideration in the light of such further information and advice as may be given: Provided that he shall not declare that he withholds assent unless he is satisfied that the bill has not been dealt with as provided in this Act.

(b) The State President shall when he assents to a bill, sign one copy of the bill.

(3) A return indicating that a bill has been referred back for further consideration shall within a period of seven days from the receipt of the bill by the executive council of the legislative council concerned, if the council is then in session, or if the council is not then in session, within a period of seven days from the commencement of the next ensuing session, be laid upon the Table of that legislative council, together with such information and advice as may have been given by the State President.

Registrasie van wette

10. (1) So spoedig moontlik nadat die Staatspresident toestemming ten opsigte van 'n wet verleen het, laat die uitvoerende raad van die betrokke wetgewende raad skoon kopieë van die wet, in elk van die amptelike landstale, opneem in die register van die kantoor van die griffier van 'n afdeling van die Hooggeregshof wat regsbevoegdheid het in die streek waarin die setel van die betrokke wetgewende raad geleë is.

(2) Sodanige kopieë is afdoende bewys van die bepalings van die wet en in geval van 'n teenstrydigheid tussen die kopieë wat aldus geregistreer is, gee die kopie wat deur die Staatspresident onderteken is, die deurslag.

(3) Die geldigheid of inwerkingtreding van enige wet bedoel in subartikel (1) word nie geraak deur 'n versuim om die wet aldus te laat opneem nie.

Afkondiging en inwerkingtreding van wette

11. (1) Die uitvoerende raad van die betrokke wetgewende raad moet elke wet waartoe die Staatspresident kragtens artikel 9 toegestem het, in die *Staatskoerant* laat publiseer.

(2) 'n Wet tree in werking op die datum waarop dit in die *Staatskoerant* gepubliseer word, tensy die wet self bepaal dat dit op 'n ander datum in werking tree of op 'n datum wat by kennisgewing daarkragtens bepaal moet word, in werking tree.

Geldigheid van wette

12. Enige afdeling van die Hooggeregshof van Suid-Afrika is bevoeg om ondersoek in te stel na en uitspraak te doen oor die vraag of die bepalings van hierdie Wet nagekom is in verband met 'n wet wat voorgee 'n wet van 'n wetgewende raad te wees.

Sessies van wetgewende raad

13. (1) Die Staatspresident moet in die instellingsproklamasie die datum van die eerste vergadering van 'n wetgewende raad se eerste sessie bepaal, watter datum binne een maand moet wees na die stemdag waarop die lede van die betrokke wetgewende raad verkies is.

(2) 'n Wetgewende raad bepaal die tye van sy daaropvolgende sessies: Met dien verstande dat daar 'n sessie van 'n wetgewende raad minstens een keer elke jaar is, sodat daar nie 'n periode van 13 maande verloop tussen die aanvang van die eerste sessie en die aanvang van die daaropvolgende sessie nie.

Termyn van wetgewende rade

14. (1) 'n Wetgewende raad duur vyf jaar vanaf die dag waarop sy eerste sessie begin.

(2) By die verstryking van die termyn bedoel in subartikel (1) ontbind die wetgewende raad en word 'n nuwe wetgewende raad vir die betrokke streek binne 120 dae na sodanige ontbinding verkies kragtens die bepalings van hierdie Wet: Met dien verstande dat geen raadpleging ooreenkomstig artikel 3 voor die tweede verkiesing of daaropvolgende verkiesings geskied nie.

Ontbinding van wetgewende rade

15. (1) Die Staatspresident moet 'n wetgewende raad by proklamasie in die *Staatskoerant* ontbind of die uitvoerende raad van daardie wetgewende raad hersaamstel indien—

(a) die wetgewende raad 'n voorstel van wantroue in die betrokke uitvoerende raad of sy voorsitter aanneem; of

(b) die wetgewende raad 'n wetsontwerp verwerp wat inkomste of geld beskikbaar stel vir die gewone jaarlikse behoeftes of dienste met betrekking tot die administrasie van die aangeleenthede wat deur die lede van die betrokke uitvoerende raad geadministreer of beheer word.

Enrolment of laws

10. (1) As soon as possible after a law has been assented to by the State President, the executive council of the legislative council concerned shall cause fair copies of the law, in each of the official languages, to be enrolled of record in the office of the registrar of a division of the Supreme Court having jurisdiction within the region where the legislative council concerned has its seat.

(2) Such copies shall be conclusive evidence of the provisions of the law and in the case of conflict between the copies thus enrolled the copy signed by the State President shall prevail.

(3) The validity or commencement of any law shall not be affected by failure to cause the law so to be enrolled.

Promulgation and commencement of laws

11. (1) The executive council of the legislative council concerned shall cause every law assented to by the State President in terms of section 9 to be published in the *Gazette*.

(2) A law shall come into operation on the date of its promulgation in the *Gazette*, unless the law itself provides that it shall come into operation on another date or on a date to be fixed by notice thereunder.

Validity of laws

12. Any division of the Supreme Court of South Africa shall be competent to inquire into and pronounce upon the question as to whether the provisions of this Act were complied with in connection with any law which is expressed to be a law of a legislative council.

Sessions of legislative councils

13. (1) The State President shall in the establishment proclamation determine the date of the first meeting of the first session of a legislative council, which date shall be within one month after the polling day on which the members of the legislative council concerned were elected.

(2) A legislative council shall determine the times of its ensuing sessions: Provided that there shall be a session of a legislative council at least once in every year, so that a period of 13 months shall not intervene between the commencement of one session and the commencement of the next session.

Duration of legislative councils

14. (1) A legislative council shall continue for five years from the day on which its first session commences.

(2) Upon the expiry of the term referred to in subsection (1), the legislative council shall be dissolved and a new legislative council for the region concerned shall be elected in terms of the provisions of this Act within 120 days after such dissolution: Provided that no consultation in terms of section 3 shall take place prior to the second election or ensuing elections.

Dissolution of legislative councils

15. (1) The State President shall dissolve a legislative council by proclamation in the *Gazette* or shall reconstitute the executive council of a legislative council if—

(a) the legislative council adopts a motion of no confidence in the executive council concerned or its chairman; or

(b) the legislative council rejects any bill which appropriates revenue or moneys for the ordinary annual requirements or services in connection with the administration of the matters administered or controlled by the members of the executive council concerned.

(2) Die Staatspresident kan by proklamasie in die *Staatskoerant* 'n wetgewende raad ontbind indien hy van oordeel is dat daar gegronde redes bestaan om dit te doen.

(3) Wanneer die Staatspresident 'n wetgewende raad ontbind kragtens subartikel (1) of (2), moet hy binne 120 dae na sodanige ontbinding 'n verkiesing vir die streek van die betrokke wetgewende raad kragtens die bepalings van Hoofstuk 1 uitskryf: Met dien verstande dat geen raadpleging ooreenkomstig artikel 3 voor sodanige verkiesing plaasvind nie.

Uitwerking van ontbinding

16. Ondanks die ontbinding van 'n wetgewende raad ingevolge hierdie Wet, hetsy deur tydsverloop of andersins—

(a) bly elke lid wat op die datum van die ontbinding 'n lid van daardie wetgewende raad is, 'n lid daarvan; en

(b) bly daardie wetgewende raad bevoeg om sy werksaamhede te verrig,

gedurende die tydperk na sodanige ontbinding tot en met die dag onmiddellik voor die stemdag van die verkiesing ingevolge die betrokke ontbinding gehou, op dieselfde wyse en in elke opsig asof die wetgewende raad nie ontbind is nie.

Onbevoegdheid van lede

17. (1) 'n Persoon is nie bevoeg om as lid van 'n wetgewende raad verkies of benoem te word of om 'n lid te wees indien hy nie 'n stemgeregtigde in enige streek is nie.

(2) 'n Persoon is nie bevoeg om 'n lid van 'n wetgewende raad te wees nie indien hy—

(a) 'n beampte of ander werknemer is in die diens van enige plaaslike owerheidsliggaam; of

(b) 'n winsbetrekking onder die Republiek beklee: Met dien verstande dat by die toepassing van hierdie paragraaf die volgende persone geag word nie 'n winsbetrekking onder die Republiek te beklee nie, te wete—

(i) 'n Minister of Adjunk-minister van die Republiek;

(ii) 'n lid van 'n uitvoerende raad bedoel in artikel 32;

(iii) 'n ontvanger van 'n pensioen van die Republiek;

(iv) 'n offisier of lid van die Suid-Afrikaanse Weermag wat russoldy of halwe soldy ontvang, of 'n offisier of lid van die Suid-Afrikaanse Weermag wat nie heeltyds in diens van die Republiek is nie;

(v) iemand wat kragtens artikel 3 van die Wet op Vrederegters en Kommissarisse van Ede, 1963 (Wet No. 16 van 1963), as vrederegter aangestel is of vrederegter geword het;

(vi) iemand wat kragtens artikel 6 van die Boedelwet, 1965 (Wet No. 66 van 1965), as taksateur aangestel is of geag word aldus aangestel te wees;

(vii) iemand wat, terwyl die Republiek in oorlog betrokke is, 'n offisier of lid is van die Suid-Afrikaanse Weermag of 'n ander mag of diens deur of kragtens die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957), ingestel;

(viii) 'n lid van 'n raad, komitee of soortgelyke liggaam waarvan die inkomste geheel of gedeeltelik bestaan uit fondse wat deur die Parlement bewillig word, of 'n lid van 'n kommissie van ondersoek of 'n komitee van ondersoek aangestel deur die Staatspresident, 'n Minister of die Administrateur van 'n provinsie wat nie ten opsigte van sy dienste in so 'n raad, komi-

(2) The State President may by proclamation in the *Gazette* dissolve a legislative council if he is of the opinion that there are sound reasons for doing so.

(3) When the State President dissolves a legislative council under subsection (1) or (2), he shall within 120 days after such dissolution, call an election in terms of the provisions of Chapter 1 for the region of the legislative council concerned: Provided that no consultation in terms of section 3 shall take place prior to such election.

Effect of dissolution

16. Notwithstanding the dissolution of a legislative council in terms of this Act, whether by lapse of time or otherwise—

(a) every person who at the date of the dissolution is a member of that legislative council, shall remain a member thereof; and

(b) such legislative council shall remain competent to perform its functions,

during the period following such dissolution up to and including the day immediately preceding the polling day for the election held in pursuance of such dissolution, in the same manner and in all respects as if the legislative council had not been dissolved.

Disqualification of members

17. (1) No person shall be competent to be elected or nominated as or to be a member of a legislative council if he is not a voter in any region.

(2) No person shall be qualified to be a member of a legislative council if he—

(a) is an officer or other employee in the service of any local government body; or

(b) holds any office of profit under the Republic: Provided that the following persons shall be deemed not to hold an office of profit under the Republic for the purposes of this paragraph, namely—

(i) a Minister or Deputy Minister of the Republic;

(ii) a member of an executive council referred to in section 32;

(iii) a person in receipt of a pension from the Republic;

(iv) an officer or member of the South African Defence Force on retired or half-pay, or an officer or member of the South African Defence Force whose services are not wholly employed by the Republic;

(v) any person who has been appointed or has become a justice of the peace under section 2 of the Justices of the Peace and Commissioners of Oaths Act, 1963 (Act No. 16 of 1963);

(vi) any person appointed as an appraiser under section 6 of the Administration of Estates Act, 1965 (Act No. 66 of 1965), or deemed to have been so appointed;

(vii) any person who, while the Republic is at war, is an officer or member of the South African Defence Force or any other force or service established by or under the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957);

(viii) a member of any council, board, committee or similar body the income of which wholly or partly consists of funds appropriated by parliament, or a member of a commission of enquiry or a committee of enquiry appointed by the State President, a Minister or the Administrator of a province, who receives no payment in respect of his services on such council, board,

tee of liggaam, kommissie van ondersoek of komitee van ondersoek betaling ontvang nie bo en behalwe vergoeding van reiskoste en verblyfkoste deur hom in die loop van die dienste as so 'n lid aangegaan en 'n toelae ten opsigte van onthaal deur hom in verband met sodanige dienste.

Ontruiming van setels in wetgewende raad

18. 'n Lid van 'n wetgewende raad ontruim sy amp indien hy—

(a) nie meer as 'n stemgeregtigde kwalifiseer nie;

(b) as lid bedank deur 'n skriftelike mededeling met dié strekking aan die Speaker van die betrokke wetgewende raad voor te lê; of

(c) 'n hele gewone sessie van die betrokke wetgewende raad afwesig bly sonder verlof van daardie wetgewende raad, tensy sy afwesigheid veroorsaak word deur sy diens, terwyl die Republiek in 'n oorlog betrokke is, in die Suid-Afrikaanse Weermag of 'n ander mag of diens ingestel deur of kragtens die Verdedigingswet, 1957 (Wet No. 44 van 1957).

Toevallige vakatures in wetgewende rade

19. 'n Toevallige vakature in 'n wetgewende raad word gevul—

(a) in 'n geval waar die lid wie se amp vakant geraak het op die tydstip van ampsontruiming aan 'n organisasie behoort het of een ondersteun het, deur die benoeming deur daardie organisasie van 'n stemgeregtigde;

(b) in 'n geval waar die lid wie se amp vakant geraak het, op die tydstip van ampsontruiming nie aan 'n organisasie behoort het of een ondersteun het nie, deur die benoeming van 'n stemgeregtigde deur die betrokke wetgewende raad.

Straf vir ongekwalifiseerdes wat stem of sitting neem

20. Iemand wat wetlik onbevoeg is om as 'n lid van 'n wetgewende raad sitting te neem en wat, terwyl hy aldus onbevoeg is en weet of redelike gronde het om te weet dat hy aldus onbevoeg is, as lid van die betrokke wetgewende raad sitting neem of stem, is vir elke dag waarop hy aldus sitting neem of stem, strafbaar met 'n boete van R200, wat namens die Tesourie van die Republiek by wyse van aksie in enige bevoegde hof in die Republiek verhaal kan word.

Eed

21. Elke lid van 'n wetgewende raad moet, voordat hy as lid sitting neem, 'n eed of plegtige verklaring in die volgende vorm voor 'n regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika of die Speaker van die betrokke wetgewende raad aflê:

Ek, A.B., sweer/verklaar opreg trou aan die Republiek van Suid-Afrika en belowe plegtig om my pligte as lid van hierdie Wetgewende Raad na die beste van my vermoë uit te voer.

So help my God.

Speakers van wetgewende rade

22. (1) 'n Wetgewende raad verkies op die eerste vergadering van sy eerste sessie, voordat enige ander werksaamhede verrig word, 'n lid as Speaker van daardie wetgewende raad, en so dikwels as wat die amp vakant raak, verkies die wetgewende raad weer 'n lid as Speaker.

(2) Die Speaker van 'n wetgewende raad hou op om daardie amp te beklee indien hy ophou om 'n lid van daardie wetgewende raad te wees en hy kan van sy amp onthef word deur 'n besluit van die betrokke wetgewende raad en hy kan uit die amp bedank deur sy skriftelike bedanking by die Voorsitter van die betrokke uitvoerende raad in te dien.

(3) Voor of gedurende die afwesigheid van die Speaker, kan 'n wetgewende raad 'n lid verkies om sy werksaamhede tydens sy afwesigheid te verrig.

committee or body, commission of enquiry or committee of enquiry other than the reimbursement of travelling expenses and subsistence expenses incurred by him in the course of his services as such member and an allowance in respect of entertaining by him in connection with such services.

Vacating of seats in legislative council

18. A member of a legislative council shall vacate his office if he—

(a) no longer qualifies as an entitled voter;

(b) resigns as a member by submitting to the Speaker of the legislative council concerned a written communication to that effect; or

(c) fails for a whole ordinary session of the legislative council concerned to attend without the leave of that legislative council, unless his absence is caused by his serving, while the Republic is at war, with the South African Defence Force or any other force or service established by or under the Defence Act, 1957 (Act No. 44 of 1957).

Casual vacancies in legislative councils

19. A casual vacancy in a legislative council shall be filled—

(a) in a case where a member whose office is vacant, at the time of the vacation of office belonged to or supported an organization, by the nomination by that organization of an entitled voter; or

(b) in a case where the member whose office is vacant, at the time of the vacation of office did not belong to or support an organization, by the nomination of an entitled voter by the legislative council concerned.

Penalty for sitting or voting when disqualified

20. Any person who is by law disqualified to sit as a member of a legislative council and who, while so disqualified and knowing or having reasonable grounds for knowing that he is so disqualified, sits or votes as a member of the legislative council concerned, shall be liable to a penalty of R200 for each day on which he so sits or votes, which may be recovered on behalf of the Treasury of the Republic by action in any competent court in the Republic.

Oath

21. Every member of a legislative council shall, before taking his seat as a member, make an oath or a solemn affirmation before a judge of the Supreme Court of South Africa or the Speaker of the legislative council concerned in the following form:

I, A.B., do swear/solemnly affirm to be faithful to the Republic of South Africa, and solemnly promise to perform my duties as a member of this Legislative Council to the best of my ability.

So help me God.

Speakers of legislative councils

22. (1) A legislative council shall at its first meeting of its first session, before proceeding to dispatch any other business, elect a member as Speaker of that legislative council and, as often as the office becomes vacant, the legislative council shall again elect a member as Speaker.

(2) The Speaker of a legislative council shall cease to hold that office if he ceases to be a member of that legislative council and he may be removed from office by resolution of the legislative council concerned and may resign his office by lodging his resignation in writing with the Chairman of the executive council concerned.

(3) Before or during the absence of the Speaker, a legislative council may elect a member to perform his functions during his absence.

Kworums

23. Die Staatspresident bepaal in die instellingsproklamasie van 'n wetgewende raad die aantal lede van daardie wetgewende raad wat aanwesig moet wees op 'n vergadering om daardie wetgewende raad bevoeg te maak vir die verrigting van sy werksaamhede.

Stemming in wetgewende rade

24. Alle vrae in 'n wetgewende raad word beslis by 'n meerderheid van stemme van die aanwesige lede met uitsondering van die Speaker of die voorsittende lid, wat egter by 'n staking van stemme 'n beslissende stem kan uitbring.

Prosedurereëls

25. 'n Wetgewende raad kan reëls en orders aanneem in verband met die orde en reëling van sy werksaamhede en verrigtings.

Lede nie aan gedinge blootgestel nie

26. Ondanks die bepalings van hierdie Wet of enige ander wet, is geen lid van 'n wetgewende raad blootgestel aan enige siviele verrigting of kriminele vervolging, arrestasie, gevangesetting of skadevergoeding uit hoofde van enige aangeleentheid of onderwerp wat hy by petisie, wetsontwerp, besluit, voorstel of andersins aan die wetgewende raad voorgelê het of uit hoofde van wat hy in 'n wetgewende raad of voor 'n komitee daarvan gesê het of uit hoofde van die wyse waarop hy in die wetgewende raad gestem het nie.

Vergoeding en pensioenvoordele

27. Die lede van 'n wetgewende raad ontvang die vergoeding, toelaes en ander voordele, en voormalige lede ontvang die pensioenvoordele, wat die Staatspresident bepaal: Met dien verstande dat sodanige vergoeding, toelaes of voordele kan verskil ooreenkomstig die ampte wat lede of voormalige lede beklee of beklee het.

Samevoeging van wetgewende rade

28. (1) Behoudens die bepalings van subartikel (3) kan die Staatspresident by proklamasie in die *Staatskoerant* twee of meer wetgewende rade saamvoeg, ten einde een wetgewende vergadering uit te maak, en al die bepalings van hierdie Wet met betrekking tot 'n wetgewende raad is *mutatis mutandis* van toepassing op sodanige wetgewende raad.

(2) Die Staatspresident reik 'n proklamasie bedoel in subartikel (1) uit slegs nadat elke betrokke wetgewende raad tot die beoogde samevoeging ingestem het.

(3) Die streek van so 'n wetgewende raad bestaan uit die streke van elk van die wetgewende rade wat saamgevoeg is.

(4) Die Staatspresident kan in sodanige proklamasie of enige latere proklamasie enige aangeleentheid reël wat uit sodanige samevoeging voortvloei of daarmee in verband staan wat na sy oordeel gereël behoort te word ten einde sodanige samevoeging doelmatig te maak.

Instellingsproklamasie

29. Behoudens die bepalings van hierdie Wet kan die Staatspresident in 'n instellingsproklamasie—

(a) die setel van 'n wetgewende raad bepaal; en

(b) in die algemeen, enige ander aangeleentheid wat hy nodig of dienstig ag ten opsigte van die werksaamhede van 'n wetgewende raad, reël.

HOOFSTUK III

UITVOERENDE RADE

Uitvoerende gesag

30. Die uitvoerende gesag in 'n streek waarvoor 'n wetgewende raad ingestel is, berus by 'n uitvoerende raad.

Quorums

23. The State President shall in the establishment proclamation of a legislative council determine the number of members of that legislative council which must be present at a meeting to empower that legislative council to perform its functions.

Voting in legislative councils

24. All questions in a legislative council shall be determined by a majority of votes of the members present, other than the Speaker or the presiding member, who may, however, exercise a casting vote in the case of an equality of votes.

Rules of procedure

25. A legislative council may make rules and orders in connection with the order and conduct of its business and proceedings.

Members not liable to proceedings

26. Notwithstanding the provisions of this Act or any other law no member of a legislative council shall be liable to any civil proceedings or criminal prosecution, arrest, imprisonment or damages by virtue of any matter or subject which he may have brought before the legislative council by petition, bill, resolution, motion or otherwise or by virtue of what he has said in the legislative council or before any committee thereof or by virtue of the manner in which he voted in the legislative council.

Remuneration and pension benefits

27. The members of a legislative council shall receive such remuneration, allowances and other benefits, and former members shall receive such pension benefits, as may be determined by the State President: Provided that such remuneration, allowances and other benefits may differ according to the offices which the members or former members hold or held.

Joinder of legislative councils

28. (1) Subject to the provisions of subsection (3), the State President may by proclamation in the *Gazette* join two or more legislative councils so as to constitute one legislative council and all the provisions of this Act in relation to a legislative council shall apply *mutatis mutandis* to such a legislative council.

(2) The State President shall issue a proclamation referred to in subsection (1) only after each of the legislative councils concerned has agreed to the proposed joinder.

(3) The region of such a legislative council shall consist of the regions of each of the legislative councils joined.

(4) The State President may in such proclamation or in any subsequent proclamation regulate any matter arising from such joinder or which is connected therewith which in his opinion should be regulated in order to make such joinder effective.

Establishment proclamation

29. Subject to the provisions of this Act, the State President may in an establishment proclamation—

(a) determine the seat of a legislative council; and

(b) in general, regulate any other matter which he deems necessary or expedient with regard to the functions of a legislative council.

CHAPTER III

EXECUTIVE COUNCILS

Executive authority

30. The executive authority in a region for which a legislative council has been established, shall vest in an executive council.

Werksaamhede van uitvoerende rade

31. Behoudens die bepalings van hierdie Wet—

(a) is 'n uitvoerende raad verantwoordelik vir die administrasie en beheer van die aangeleenthede vermeld in artikel 8; en

(b) kan 'n uitvoerende raad met die instemming van die Minister, ooreenkomste met ander owerheidsinstellings binne die Republiek aangaan ten einde administratiewe bystand te verkry of te verleen.

Samestelling van uitvoerende rade

32. (1) Die Staatspresident stel daardie lid van 'n wetgewende raad wat na sy oordeel oor meerderheidsteun in daardie wetgewende raad beskik, aan as Voorsitter van die uitvoerende raad van daardie wetgewende raad.

(2) Die Staatspresident stel na oorleg met die Voorsitter soveel ander lede van die wetgewende raad as wat hy van tyd tot tyd nodig ag aan as lede van die uitvoerende raad.

(3) Die Staatspresident kan 'n lid van 'n uitvoerende raad na oorleg met die Voorsitter van sy amp onthef.

Eed

33. 'n Lid van 'n uitvoerende raad moet voordat hy sy pligte aanvaar 'n eed of plegtige verklaring in die volgende vorm voor 'n regter van die Hooggeregshof van Suid-Afrika aflê:

Ek, A. B., sweer hiermee/verklaar plegtig trou aan die Republiek van Suid-Afrika en onderneem voor God om hierdie eed/verklaring gestand te doen; om my amp as lid van die Uitvoerende Raad met eer en met waardigheid te beklee; die Grondwet en alle ander Reg van die Republiek te eerbiedig en te handhaaf; 'n opregte en getroue raadsman te wees; geen sake wat aan my vir geheimhouding toevertrou word, regstreeks of onregstreeks te openbaar nie; en om my ampspligte met nougesetheid na my beste vermoë na te kom.

So help my God.

Vergoeding en pensioenvoordele

34. Die lede van 'n uitvoerende raad ontvang die vergoeding, toelaes en ander voordele, en voormalige lede ontvang die pensioenvoordele wat die Staatspresident bepaal: Met dien verstande dat sodanige vergoeding, toelaes of ander voordele kan verskil ooreenkomstig die ampte wat lede en voormalige lede beklee of beklee het.

Oordrag van bevoegdhede, pligte en werksaamhede

35. Die Staatspresident kan die uitvoering van 'n bepaling in 'n wet of 'n ordonnansie wat aan 'n Minister of 'n uitvoerende komitee van 'n provinsie, na gelang van die geval, enige plig, bevoegdheid of werksaamheid toewys, aan 'n uitvoerende raad opdra—

(a) hetsy spesifiek hetsy by wyse van 'n algemene opdrag tot uitvoering van 'n wet of van alle wette of van 'n ordonnansie wat aan bedoelde Minister of uitvoerende komitee van 'n provinsie bevoegdhede, pligte of werksaamhede toewys; en

(b) hetsy in die algemeen hetsy vir sover die bepaling, wet of wette of ordonnansie betrekking het op 'n aangeleentheid in die opdrag genoem.

Verrigting van administratiewe werk

36. Tensy uitdruklik anders bepaal, word die werk verbonde aan die verrigting van die werksaamhede van 'n uitvoerende raad verrig deur beamptes of werknemers aangestel ingevolge die Staatsdienswet, 1984 (Wet No. 111 van 1984).

Functions of executive councils

31. Subject to the provisions of this Act—

(a) an executive council shall be responsible for the administration and control of the matters referred to in section 8; and

(b) an executive council may with the concurrence of the Minister, enter into agreements with other public institutions in the Republic in order to obtain or render administrative assistance.

Composition of executive councils

32. (1) The State President shall designate that member of a legislative council who in his opinion has the majority support in that legislative council, as Chairman of the executive council of that legislative council.

(2) The State President shall, after consultation with the Chairman, designate as many other members of the legislative council as he may from time to time deem necessary as members of the executive council.

(3) The State President may after consultation with the Chairman remove a member of an executive council from his office.

Oath

33. A member of an executive council shall before assuming his duties make an oath or a solemn affirmation before a judge of the Supreme Court of South Africa in the following form:

I, A.B., do hereby swear/solemnly affirm to be faithful to the Republic of South Africa and undertake before God to honour this oath/affirmation; to hold my office as member of the Executive Council with honour and dignity; to respect and uphold the Constitution and all other Law of the Republic; to be a true and faithful councillor; not to divulge directly or indirectly any matters which are entrusted to me under secrecy; and to perform the duties of my office conscientiously to the best of my ability.

So help me God.

Remuneration and pension benefits

34. The members of an executive council shall receive such remuneration, allowances and other benefits, and former members shall receive such pension benefits, as may be determined by the State President: Provided that such remuneration, allowances or other benefits may differ according to the office which the members or former members hold or held.

Assignment of powers, duties and functions

35. The State President may assign the administration of any provision in any law or ordinance which entrusts to a Minister or an executive committee of a province, as the case may be, any duty, power, or function to an executive council—

(a) either specifically or by way of a general assignment of the administration of any law or of all laws or of an ordinance entrusting powers, duties or functions to such Minister or executive committee of a province; and

(b) either generally or in so far as such provisions, law or laws or ordinance relates to any matter mentioned in such assignment.

Performance of administrative work

36. Unless otherwise expressly provided, the work relating to the performance by an executive council of its functions shall be carried out by officers or employees appointed in terms of the Public Service Act, 1984 (Act No. 111 of 1984).

HOOFSTUK IV
FINANSIES

Inkomstefonds

37. (1) Daar is vir elke streek 'n inkomstefonds waarin alle inkomste wat verkry word deur of toeval aan die betrokke uitvoerende raad en alle geld deur die Parlement vir daardie streek bewillig, gestort word.

(2) 'n Inkomstefonds word deur die betrokke wetgewende raad by wet beskikbaar gestel vir die administrasie van die aangeleenthede vermeld in artikel 8 in die betrokke streek in die algemeen, of in die geval van geld wat ingevolge 'n Wet van die Parlement bewillig is vir 'n besondere doel, dan vir daardie besondere doel.

(3) Geen wetsontwerp vir sodanige beskikbaarstelling word by die wetgewende raad ingedien of deur hom aangeneem nie tensy die Voorsitter van die uitvoerende raad by die wetgewende raad aanbeveel het dat voorsiening gemaak word vir die spesifieke doel waarvoor die beskikbaarstelling nodig is.

Vereistes vir onttrekking van geld uit inkomstefonds

38. Behalwe soos in hierdie Wet of enige ander Wet van die Parlement anders bepaal, word geen geld uit 'n inkomstefonds onttrek nie, behalwe kragtens 'n bewilliging by wet van die betrokke wetgewende raad en ooreenkomstig 'n volmag onderteken deur die Voorsitter van die uitvoerende raad.

Jaarlikse begroting

39. Die jaarlikse begroting van inkomste en uitgawes word, nadat dit deur die betrokke uitvoerende raad opgestel is, voorgelê aan die Minister, wat in oorleg met die Minister van Finansies van die Republiek die bydrae, as daar is, bepaal wat ten opsigte van uitgawes vir die volgende boekjaar deur die Parlement bewillig moet word, en word daarna deur die uitvoerende raad aan die betrokke wetgewende raad vir bewilliging voorgelê.

Ouditering van rekenings

40. Die rekenings van 'n uitvoerende raad van 'n streek met inbegrip van ondergeskikte administratiewe liggame in daardie streek wat ingestel is ingevolge 'n wet van die wetgewende raad word deur die Ouditeur-generaal geouditeer en die bepalings van die Skatkis- en Ouditwet, 1975 (Wet No. 66 van 1975), is van toepassing ten opsigte van die administrasie en beheer van 'n inkomstefonds vir sover daardie Wet toegepas kan word en nie met hierdie Wet onbestaanbaar is nie: Met dien verstande dat waar in genoemde Wet die magtiging of goedkeuring van die Parlement, die Tesourie, 'n Minister of 'n rekenpligtige beampte vereis word, die betrokke bepalings uitgelê word asof dit na die ooreenstemmende gesag of funksionaris, na gelang van die geval, ingevolge hierdie Wet, verwys, en in 'n geval van twyfel met betrekking tot wie of wat sodanige ooreenstemmende gesag of funksionaris is, die gesag of funksionaris in die streek deur die uitvoerende raad aangewys.

HOOFSTUK V
ALGEMEEN

Uitvoering van bestaande wette wat geld in streek

41. 'n Wet van die Parlement of 'n ander wet of ordonnansie wat by die inwerkingtreding van hierdie Wet uitgevoer word deur 'n Minister van die Republiek of in 'n Staatsdepartement onder beheer van so 'n Minister of deur 'n Administrateur of die uitvoerende komitee van 'n provinsie, na gelang van die geval, en wat betrekking het op 'n aangeleentheid in artikel 8 bedoel, word, ondanks die feit dat dit op sodanige aangeleentheid betrekking het, by die toepassing van hierdie Wet steeds deur sodanige gesag uitgevoer totdat, en behalwe in die mate waarin die uitvoering daarvan kragtens artikel 35 opgedra word aan die uitvoerende raad van die streek.

CHAPTER IV
FINANCE

Revenue fund

37. (1) There shall be a revenue fund for every region, into which shall be paid all revenues acquired by or accruing to the executive council concerned and all money appropriated by Parliament for that region.

(2) A revenue fund shall be appropriated by law by the legislative council concerned for the administration of the matters mentioned in section 8 in the region concerned generally or, in the case of money appropriated by an Act of Parliament for particular purposes, then for such purposes.

(3) No bill for such appropriation shall be introduced in a legislative council or be passed by it unless the Chairman of the executive council recommends to the legislative council that provision be made for the specific purpose for which the appropriation is necessary.

Requirements for withdrawal of money from revenue fund

38. Save as is otherwise provided in this Act or any other Act of Parliament, no money shall be withdrawn from a revenue fund except in terms of an appropriation by law of the legislative council concerned and in accordance with a warrant signed by the Chairman of the executive council.

Annual estimates

39. The annual estimates of revenue and expenditure shall, after being prepared by the executive council concerned, be submitted to the Minister who shall in consultation with the Minister of Finance of the Republic determine the contribution, if any, in respect of expenditure for the ensuing financial year to be appropriated by Parliament, and shall thereafter be submitted by the executive council to the legislative council concerned for appropriation.

Auditing of accounts

40. The accounts of an executive council of a region, including all inferior administrative bodies in that region established in terms of a law of the legislative council, shall be audited by the Auditor General and the provisions of the Exchequer and Audit Act, 1975 (Act No. 66 of 1975), shall apply in respect of the administration and control of the revenue fund in so far as that Act can be applied and is not inconsistent with this Act: provided that whenever in that Act the authority or approval of Parliament, the Treasury, a Minister or an accounting officer is required, the relevant provisions shall be construed as referring to the corresponding authority or functionary, as the case may be, in terms of this Act, and in a case of doubt as to who or what such corresponding authority or functionary is, the authority or functionary in the region designated by the executive council.

CHAPTER V
GENERAL

Administration of existing laws applying in region

41. Any Act of Parliament or any other law or ordinance which at the commencement of this Act is administered by a Minister of the Republic or in a department of State controlled by such a Minister or by an Administrator or executive committee of a province, as the case may be, and which relates to a matter referred to in section 8 shall, notwithstanding the fact that it relates to such matter for the purposes of this Act continue to be administered by such authority until, and except to the extent to which its administration is assigned in terms of section 35 to the executive council of the region.

Voortbestaan van wette wat geld in streek

42. Behoudens die bepalings van hierdie Wet bly alle wette wat in 'n streek ten opsigte waarvan 'n wetgewende raad kragtens artikel 7 ingestel word, geld onmiddellik voor die instelling van daardie raad en wat betrekking het op 'n aangeleentheid bedoel in artikel 8 van krag totdat hulle deur die wetgewende raad ingevolge hierdie Wet herroep of gewysig word.

Herroeping of wysiging van hierdie Wet

43. Hierdie Wet word nie gewysig of herroep nie alvorens die Minister oorleg gepleeg het met elke uitvoerende raad van 'n streek ingevolge hierdie Wet ingestel.

Sekere bevoegdhede, werksaamhede en pligte berus tydelik by Minister

44. Alle bevoegdhede, werksaamhede en pligte wat nodig is om uitgeoefen of verrig te word ingevolge hierdie Wet ten einde die voortsetting van die administrasie en regering in 'n streek te verseker, kan deur die Minister uitgeoefen of verrig word.

Kort titel en inwerkingtreding

